

Titel: Roeping, loopbaan of gemak?
Pastor: Sias le Roux
Datum: 30 Januarie 2011
Tyd: 09:00



a: Mattheus 14:25-32

²⁵ Met dagbreek die volgende môre het Hy op die see na hulle toe aangeloop gekom. ²⁶ Toe sy dissipels Hom op die see sien loop, het hulle groot geskrik en gesê: “Dis 'n spook!” Van angs het hulle hard begin skreeu. ²⁷ Maar Jesus het dadelik met hulle gepraat en gesê: “Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie.” ²⁸ Toe sê Petrus vir Hom: “Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom.” ²⁹ “Kom!” sê Hy. Petrus het uit die skuit geklim, op die water begin loop en naby Jesus gekom. ³⁰ Maar toe Petrus sien hoe sterk is die wind, het hy bang geword en begin sink en uitgeroep: “Here, red my!” ³¹ Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp en vir hom gesê: “Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?” ³² Hulle het toe in die skuit geklim, en die wind het gaan lê.

b: Gemaksone

- Loopbaan?
- ‘n Loopbaan is iets wat ek vir myself kies, ‘n roeping kom van God.
- Vennootskap met God.
- Josef:

Genesis 50:20

²⁰ Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het.

c: Kyk uit vir Jesus wat roep

Markus 6:48

⁴⁸ Hy het gesien hulle roei swaar, want die wind was teen hulle. Teen dagbreek die volgende môre het Hy op die see na hulle toe aangeloop gekom, en Hy wou langs hulle verbygaan.

- Petrus het nie ‘n belofte gevra nie, maar ‘n bevel.
- Gehoorsaamheid – wanneer God beveel, gee Hy ons die vermoë.
- Honger en dors na Sy teenwoordigheid.

Mattheus 5:6

⁶ Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.

Hebreërs 12:1-2

¹ Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstrik, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, ² die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God.

d: ‘n Prys om te betaal

- Die koste daarvan om uit die boot te klim: Risiko van potensiële mislukking, verleentheid, kritiek en selfs die dood.
- Oorkom vrees.
- Roeping kom te midde van vrees.

e: Vertroue

Spreuke 3:5

⁵ Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie.

Psalm 118:9

⁹ Dit is beter om by die HERE te skuil as om op edeles te vertrou.

f. Versekerdheid

“Kleingelowig” – ‘n geloof wat versekerdheid kort of nie genoeg vertrou nie.